



Update: Eradication of *Bactrocera invadens* at incursion sites in Limpopo and Mpumalanga Provinces, South Africa

Document drafted by Aruna Manrakhan & Vaughan Hattingh, CRI, on behalf of the *B. invadens* Steering Committee


The invasive exotic fruit fly: *Bactrocera invadens*, a pest of serious phytosanitary concern to the Southern African region, was detected in surveillance traps: near Groblersbrug, in areas between Beitbridge and Pondrift, in Musina town, near Tshipise, in Louis Trichardt town, near Hazyview and in Hoedspruit between February and April 2012. In all above areas the threshold level for eradication actions, which is 2 positive finds within a distance of 5 km or less, was triggered.

The Department of Agriculture, Forestry and Fisheries conducted delimiting surveys and implemented phytosanitary actions in the affected areas to regulate movement of fruit and contain the incursion. Eradication has been initiated in all areas and includes the application of either at least weekly protein bait sprays (in production areas) or M3 bait stations (in towns) and the deployment of Male Annihilation Technique (MAT) blocks (fibreboard blocks impregnated with methyl eugenol and malathion, targeting males) for a period of at least 8 weeks.

This pest has over the past two years been successfully eradicated from all detected incursions and there is a high probability of successful eradication from the current incursion sites. Monitoring for *B. invadens* is continuing in all affected and non affected areas.

In order to monitor the progress of the eradication programme, it is essential that **all fruit and vegetable production areas (inclusive of home garden areas on farms) within eradication areas have 3-5 ME baited traps per km².**

In all other **fruit and vegetable production areas outside of these eradication zones**, surveillance trapping should be set up and maintained to support early detection of the pest and to demonstrate area freedom. **Density of ME baited traps for detection in production areas (inclusive of home garden areas on farms) should be 1 per km².** Surveillance monitoring of *B. invadens* per PUC is now a requirement to register for citrus export to special markets (see trapping guidelines on <http://www.nda.agric.za/> under Plant Health & Exporting from SA). Growers should immediately make known any catches of suspected *B. invadens* to the relevant surveillance co-ordinators (citrus - Aruna Manrakhan, aruna@cri.co.za, 013-7598000; deciduous fruit including grapes - Leslie Brown, Leslie@fruitgro.co.za, 0828531471; subtropical fruits - Wilna Stones, Wilna@subtrop.co.za, 015-3073676; all other fruit and vegetable crops - Department of Agriculture, Forestry and Fisheries: Jan Hendrik Venter, JanHendrikV@daff.gov.za, 012-3196384). Growers should not fear the consequences of quarantine in the event of a detection and the implementation of eradication procedures, since it is still possible to move (under permit) host material from such quarantined sites in compliance with established additional risk mitigation procedures.



Opdatering: Uitwissing van *Bactrocera invadens* by plekke van opsporing in Limpopo en Mpumalanga Provinsies, Suid-Afrika

Die dokument is opgestel deur Aruna Manrakhan & Vaughan Hattingh, CRI, namens die *B. invadens* Bestuurskomitee

Die uitheemse indringervlieg, *Bactrocera invadens*, 'n fitosanitêre plaag van groot kommer vir die suider-Afrika streek, is in opsporingslokvalle naby Groblersbrug, in die areas tussen Beitbrug en Ponderdrift, in die dorp Musina, naby Tshipise, in die dorp Louis Trichardt, naby Hazyview en in Hoedspruit, tussen Februarie en April 2012, opgespoor. In al bogenoemde areas is die uitwissings-aksies vir oorskryding van die drempelwaarde, wat 2 positiewe vangste binne 'n afstand van 5km of minder behels, geaktiveer.

Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye het "delimiting" opnames gedoen en fitosanitêre aksies in die geaffekteerde areas ingestel om die beweging van vrugte te reguleer en die voorkoms te beperk. Daar is met uitwissing in alle areas begin, en dit sluit die aanwending van ten minste weeklikse proteïen-lokaasbespuitings (in produksie-areas) óf M3 lokvalle (in dorpe) en die aanbring van Manlike Uitwissingstegniek (MAT) blokke (veselbordblokke wat met metiel-eugenol en malathion geïmpregneer is, wat mannetjies teiken), vir 'n periode van ten minste 8 weke, in.

Hierdie plaag is oor die afgelope twee jaar suksesvol by al die vorige opsporingspunte uitgewis en daar is 'n groot moontlikheid van suksesvolle uitwissing by die huidige opsporingspunte. Monitering vir *B. invadens* gaan

in alle geaffekteerde en nie-geaffekteerde areas voort.

Om die proses van die uitwissingsprogram te monitor, is dit noodsaaklik **dat alle vrugte- en groente-produksie-areas (insluitend huistuine op plase) binne die uitwissings-areas, 3-5 ME lokvalle per km² uitplaas.**

In alle ander vrugte- en groente-produksie-areas buite hierdie uitwissingssones, moet opsporingslokvalle in plek gekry word en onderhou word ten einde die vroeë opsporing van hierdie plaag te ondersteun en te bewys dat die area vry is. **Digtheid van die ME lokvalle vir opsporing in produksie-areas (insluitend huistuine op plase) moet 1 per km² wees.** Opsporingsnetwerke van *B. invadens* per PUC is nou 'n vereiste om vir sitrus-uitvoere na spesiale markte te registreer (sien lokval-riglyne by <http://www.nda.agric.za/> onder "Plant Health & Exporting from SA"). Produsente moet onmiddellik enige vangste van moontlike *B. invadens* aan die relevante koördineerders bekend maak (sitrus - Aruna Manrakhan, aruna@cri.co.za, 013-7598000; sagtevrugte, insluitende druiwe - Leslie Brown, Leslie@fruitgro.co.za, 0828531471; subtropiese vrugte - Wilna Stones, Wilna@subtrop.co.za, 015-3073676; alle ander vrugte- en groente-gewasse - Departement van Landbou, Bosbou en Visserye: Jan Hendrik Venter, JanHendrikV@daff.gov.za, 012-3196384). Produsente moet nie oor die gevolge van kwarantyn, in die geval van 'n opsporing, en die implementering van uitwissings-aksies bekommerd wees nie, want dit is nog steeds moontlik om gasheermateriaal (onder permit) van sulke plekke onder kwarantyn, in ooreenstemming met bestaande addisionele risiko-bestuursprosedures, te skuif.